Kultivarontwikkeling en vrystelling

(Chris Kleingeld, Bestuurder Laboratoriumdienste, Aartappels Suid-Afrika)

Siektes en plae veroorsaak wêreldwyd groot verliese by aartappels. Hierdie verliese is nadelig vir produsente en verbruikers omdat dit die koste van produksie verhoog. Voedsel word dus duurder en produsente verdien minder. Dit is daarom noodsaaklik dat navorsing gedoen word om só die opbrengs per eenheid inset te verhoog. Navorsing kan verskeie benaderings behels, onder andere die teling van kultivars wat beter by spesifieke plaaslike omgewingstoestande aangepas is.

Die aartappelbedryf dra al vir baie jare by tot die plaaslike teelprogram wat deur die LNR-Roodeplaat uitgevoer word. Die afgelope paar jaar is daar verskeie kultivars aan die bedryf beskikbaar gestel.

Hoe word nuwe kultivars vrygestel
Resultate van die Elite-proewe word jaarliks aan die Kultivarkomitee, wat uit die verskillende belangegroepe bestaan, voorgelê. Op grond van die resultate van die Elite-proewe en die behoeftes van die lede van die Kultivarkomitee, word besluit watter aartappelkultivars aan die bedryf beskikbaar gestel word.

Na die vrystelling van 'n kultivar word dit op die variëteitslys geplaas en 'n sublisensie word vir die vermeerdering van die kultivar toegeken. 'n Sublisensie kan aan enige instansie toegeken word wat in staat is om die kultivar suksesvol vanaf in vitro materiaal binne die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema te vermeerder, of te laat vermeerder.

Om te verseker dat plaaslik-geteelde kultivars aktief bemark word, word slegs een kultivar-sublisensie aan 'n instansie of individu toegeken. Met die toekenning van 'n sublisensie het die houer daarvan die alleenreg vir die vermeerdering en verspreiding van die kultivar binne die grense van Suid-Afrika. Dit impliseer dat gesertifiseerde moere van die betrokke kultivar nie sonder skriftelike toestemming van die sublisensiehouer vermeerder kan word nie.

So word sublisensies toegeken:

- Kultivars wat beskikbaar is vir sublisensies word in die toepaslike landboupers geadverteer en prominente rolspelers in die bedryf word genooi om vir 'n sublisensie aansoek te doen.

- 'n Voltooide aansoekvorm moet voor 'n bepaalde datum by Aartappels Suid-Afrika ingedien word en van die volgende vergesel wees:
  - R5 000.00 (Vyfduisend Rand) + BTW; en
  - 'n skriftelike ooreenkoms met 'n *in vitro*- en kweekhuisproduksie-instansie vir die vermeerdering van die betrokke kultivar.

- Indien meer as een aansoek vir dieselfde kultivar ontvang word, word die betrokke instansies na 'n veiling uitgenooi, waar 'n openingsbod van R5 000.00 (Vyfduisend Rand) + BTW sal geld. Die sublisensie sal aan die instansie met die hoogste bod toegeken word.

- 'n Sublisensie word per kultivar aan een aansoeker toegeken indien hy aan die gestelde standaarde voldoen.

- Meer as een sublisensie kan aan 'n instansie toegeken word.

- Die basiese bedrag van R5 000.00 + BTW word in die geval van 'n onsuksesvolle aansoek aan die aansoeker terugbetaal.



Tantième

Suid-Afrikaanse aartappelboere kan nie aartappels winsgewend verbou sonder die aartappelteelprogram nie. Die ontwikkeling van aartappelkultivars is egter 'n tydsame en duur proses wat groot druk op hulpbronne plaas. Om hierdie situasie wêreldwyd aan te spreek het die heffing van tantième standaardpraktyk geword. Plaaslik word tantième dan ook direk vir die finansiering van die aartappelteelprogram aangewend.

Wat is tantième?

Tantième is 'n internasionaal erkende heffing wat dien as vergoeding vir die intellektuele insette wat vir die daarstelling van 'n bepaalde produk gemaak is. Suid-Afrika is dan geen uitsondering nie.

Hoe word tantième gevorder?

Wet No. 15 van 1976 maak dit vir die eienaars van kultivars moontlik om tantième te hef. Aartappels Suid-Afrika vorder tantième in terme van hierdie Wet en betaal dit aan LNR-Roodeplaat (eienaar) oor.

Tans beloop tantième R1.00 (Een Rand) + BTW per 25kg sak moere en is op alle gesertifiseerde moere, Generasie 3 tot 8 en Standaardgraad, betaalbaar.

Die huidige stand van sake is dat LNR-Roodeplaat nie "farmers privilege" erken nie. Dit beteken dat tantième op alle gesertifiseerde moere betaalbaar is, insluitend moere wat vir eie aanplanting teruggehou word. Aartappels Suid-Afrika het die aangeleentheid met LNR-Roodeplaat bespreek en is tevrede dat hul standpunt aanvaarbaar is, en wel om die volgende redes:

- die vlak van R1.00 per 25 kg moersak is baie laag in vergelyking met internasionale standaarde (ongeveer 5% van die waarde van die moere); en
- vroeë generasie moere (Generasie 0 tot 2) is van tantième vrygestel.

Tydens die registrasie van 'n eenheid vir die produksie van moere word 'n registrasiesertifikaat uitgereik met die volgende klousule daarop:

"U aandag word daarop gevestig dat tantième betaalbaar is op alle aartappelkultivars wat die eiendom van die Landbounavorsingsraad is. Hierdie tantième word op alle gesertifiseerde plantmateriaal gehef en is binne 60 dae na sertifisering aan die aartappelsertifiseringsdiens (Vereniging ingelvolge Art 21) betaalbaar."

Hierdie klousule stel die kweker in kennis dat tantième op die gesertifiseerde opbrengs van die bepaalde kultivar betaalbaar is.

Hoe word die vlak van tantième bepaal?

LNR-Roodeplaat, as die eienaar van plaaslik-geteelde aartappelkultivars bepaal die vlak van tantieme. Aartappels Suid-Afrika bespreek die aangeleentheid met LNR-Roodeplaat en onderhandel namens die bedryf om te verseker dat die vlak van tantième aanvaarbaar is.